*Donderdag* **19 Junie**
**Skrifgedeelte: Psalm 106**
**Fokusgedeelte: Psalm 106:4**
**Verheug jou in die wete dat die Here aan jou dink!**

Die skrywer van Psalm 106 bid in hierdie historiese psalm een van die mees aangrypende gebede wat die sondige mens kan bid(vs 4, 5)! *"Dink aan my, Here, in u liefde vir u volk, sluit my ook in by u redding, dat ek die voorspoed van u uitverkorenes mag aanskou en mag deel in die blydskap van u volk, my mag verheug saam met dié wat aan U behoort."*

Daar is natuurlik menslik geproke geen geldige rede waarom God juis aan die sondige mens moet dink nie! Die geskiedenis van die voorvaders bevestig dit. Die digter verwys na die volk Israel wat in die woestyn baie gou vergeet het van die wonderbaarlike manier waardeur God hulle uit die hand van hulle haters gered het en hulle bevry het uit die mag van hulle vyand (vs 10, 21).

Hierdie grootse gebeurtenis het hulle nie in die hart geraak nie, daarom eis hulle skaamteloos meer kos en wag nie op die leiding van die Here nie (vs 12, 13). Hulle verset hulle in afguns teen Moses en Aäron, die gewyde dienaars van die Here (vs 14). Hulle versmaai die beloofde land, glo die beloftes van die Here nie, sit en mor in hulle tente (vs 24). En so beskryf die digter die tragiese geskiedenis van die volk Israel. Talle kere het die Here sy volk gered, maar hulle het opstandig gebly en dieper in hulle sonde weggesink. *"Tog het Hy sy oë nie vir hulle nood gesluit nie; Hy het hulle smeekgebede verhoor"* (vs 43, 44).

Ons wat saam met hierdie sondige (digter) mens hierdie aangrypende gebed kan bid, ken die Here se oneindige liefde en genade! Ons onthou weer dat die Here se genadige verlossingspad loop deur die eeue heen, vir elke uitverkorene! En ten spyte van geen geldige rede dat God aan ons moet dink nie, bewys die Vader sy liefde en genade, en stuur Hy sy Redder-Seun, ons Here Jesus Christus, sodat Hy die (E)nigste rede word waarom God aan ons as nietige mense dink, sy oë vir ons nie sluit nie, en ook ons smeekgebede aanhoor! Verheug jou in Hom, nou en tot in ewigheid!

*Sing: Psalm 106-1:1*

*Ds. OJ (Ockie) Struwig (Frankfort)*